## Dertig jaar van demokrasie. Enigiets om te vier?

**Vain Jarbandhan, Pregala Pillay en Luckmore Chivandire***

Suid-Afrika het in 1994 uit dekades van onderdrukkende apartheidsregering, gekenmerk deur rasseskeiding en diskriminasie, verrys. Die oorgang na demokrasie was 'n belangrike geleentheid, wat hoop en belofte vir 'n nasie gesimboliseer het wat deur rassespanning verskeur is. Die einde van apartheid is as die aanbreek van 'n nuwe era vir Suid-Afrika gesien – 'n tyd waarin alle burgers, ongeag ras, gelyke regte en geleenthede sou hê onder die ANC-geleide regering.

Terwyl ons Vryheidsdag op 27 April gevier het, is die werklikheid vir baie Suid-Afrikaners, ten spyte van hierdie hoë ideale, egter een van ontnugtering en frustrasie terwyl hulle steeds met onder meer voortslepende armoede, korrupsie, werkloosheid en ongelykheid en verbrokkelende infrastruktuur worstel.

Ja, data dui daarop dat die ANC-geleide regering basiese dienste soos lae-inkomstebehuising, drinkbare water, toegang tot basiese onderwys, die grootste MIV-antiretrovirale uitrol, ensovoorts gelewer het. Tog leef armer gemeenskappe egter steeds in volslae armoede, honger, desperaatheid en het hulle hoop verloor vir 'n beter lewe wat in 1994 beloof is.

Oudpresident Nelson Mandela het op 10 Mei 1994 in sy inhuldigingstoespraak die volgende gesê: "Ons het uiteindelik ons politieke emansipasie bereik. Ons verbind onsself daartoe om ons mense van die voortdurende slawerny van armoede, ontbering, lyding, geslag en ander diskriminasie te bevry … ons sluit 'n verbond dat ons 'n samelewing sal bou waarin alle Suid-Afrikaners, swart en wit, met hulle koppe om hoog sal kan loop sonder enige vrees in hul harte, verseker in hulle onvervreembare reg op menswaardigheid – 'n reënboognasie wat vrede met homself en met die wêreld het." Ondanks die feit dat Suid-Afrika die demokrasie bereik het waarvoor daar so hard geveg is, kan baie burgers, veral diegene wat in armoede leef, nie hulle vryheid vier nie omdat die politieke elite rykdom vergader het ten koste van die onderdrukte meerderheid. Daarbenewens laat die gebrek aan huidige politieke leierskap veel te wense oor, aangesien politieke rolmodelle yl gesaai is. Soos John Maxwell eens gesê het: "Alles staan of val op leierskap."

In 'n goedgeskryfde artikel, getiteld "The ANC for Sale? Money, Morality & Business in South Africa", wat in 2008 in die vaktydskrif *Review of Political Economy* verskyn het, maak Roger Southall die volgende punt: "Sedert hulle in 1994 aan bewind gekom het, word die mening algemeen gehuldig dat die ANC hulle morele kompas verloor het." Weens die verlies van hulle "morele kompas" bevind Suid-Afrika hom nou in 'n swak groeitrajek waar hy ongekende jeugwerkloosheid, verbysterende staatskuld, 'n kragkrisis en ongebreidelde misdaad in die gesig staar, soos weerspieël in die afgelope kwartaal se misdaadstatistieke. In Transparency International se opname oor die persepsies van korrupsie in die openbare sektor wat onlangs verskyn het, verskyn Suid-Afrika onder die wêreldgemiddeld van 41, wat die land se laagste telling die afgelope vyf jaar is. Ondanks die feit dat die land 30 jaar van demokrasie vier, sal die vierings gedemp wees gegewe die toenemende vlakke van korrupsie soos dít waarvan die jare van staatskaping getuig, die voortdurende vlakke van straffeloosheid en verontagsaming van die oppergesag van die reg en regsdienste se stadige vervolging van diegene wat by onbelemmerde korrupsie betrokke is.

Ondanks omvattende teenkorrupsiewetgewing en -agentskappe, sukkel Suid-Afrika al lank met doeltreffende afdwinging. Dit het baie huidige en voormalige regeringsamptenare in staat gestel om vervolging vir hul beweerde wangedrag te ontduik.

Hierdie mislukking in die afdwinging van die wet het 'n kultuur van straffeloosheid voortgesit, waar diegene in magsposisies dikwels bo die wet funksioneer, met min vrees om gevolge vir hulle optrede in die gesig te staar. Ondanks opspraakwekkende ondersoeke en vervolgings wat af en toe voorkom, bly die prestasierekord om oortreders aanspreeklik te hou teleurstellend. Gevolglik floreer korrupsie steeds, met gewone burgers wat die spit afbyt weens die vernietigende uitwerking daarvan op bestuur, dienslewering en ekonomiese ontwikkeling.

In 'n 2022-verslag van die Wêreldbank is Suid-Afrika as die ongelykste land ter wêreld aangewys. Hierdie ontnugterende statistiek skets 'n duidelike prentjie van die verbysterende rykdomverskille wat in ons samelewing voorkom. Verder het die land met 'n amptelike werkloosheidsyfer van 32,1% in die vierde kwartaal van 2023, soos deur Statistieke Suid-Afrika aangedui, een van die hoogste werkloosheidsyfers ter wêreld. Dit beteken miljoene jong Suid-Afrikaners staar die harde werklikheid van werkloosheid in die gesig, met min vooruitsigte vir betekenisvolle indiensneming. Onafhanklikheid beteken vir hierdie jongmense bitter min terwyl die belofte van 'n beter toekoms hulle bly ontwyk. Vir hulle en vir baie Suid-Afrikaners wat weens armoede van hulle waardigheid ontneem word, is Vryheidsdag dus nie 'n viering nie – dit is 'n dag waarop hulle in die hoop kan lewe om die "Tintswalo"-wonderwerk te verwesenlik!

Sonder toegang tot werkgeleenthede is baie mense vasgevang in 'n siklus van armoede en onsekerheid, en kan hulle nie ten volle aan die ekonomiese welvaart van die land deelneem wat hulle hul tuiste noem nie. Terwyl die land besin oor sy reis na demokrasie, moet dit ook die werklikheid konfronteer dat ware onafhanklikheid nie bereik kan word voordat elke burger nie 'n stabiele en vervullende bestaan kan verseker nie.

Boonop demp die kwessie van hoë misdaadsyfers in Suid-Afrika die gees van onafhanklikheid vir gewone burgers verder. Met misdaadvlakke wat styg, voel die gevoel van veiligheid en vryheid wat onafhanklikheid moet vergesel, soos 'n verre droom.


Volgens data van die Wêreldbevolkingsoorsig was Suid-Afrika se misdaadsyfer in 2023 die derde hoogste in die wêreld, met meer as 76 misdade wat per elke 100 000 mense gepleeg is. Hierdie statistiek skets 'n kommerwekkende prentjie van die daaglikse werklikhede van baie Suid-Afrikaners wat voortdurend in vrees leef dat hulle misdaadslagoffers gaan word. Die betekenis van die konsep van onafhanklikheid gaan vir hulle verlore wanneer basiese veiligheid nie gewaarborg word nie.

Die elektrisiteitskrisis ontwrig gewone Suid-Afrikaners se lewens erg. Elektrisiteitsonderbrekings onderbreek hulle roetines en belemmer hulle vermoë om daaglikse take te verrig, van die voorbereiding van maaltye tot die gebruik van noodsaaklike toestelle. Die droom van ware onafhanklikheid is ver vir die baie mense wat letterlik en figuurlik in die donker gelaat word sonder toegang tot betroubare elektrisiteit.

Die aanstelling van 'n nuwe minister van elektrisiteit het nie veel gedoen om die probleem aan te spreek nie. Voortgesette beurtkrag ontwrig beide sakeondernemings én huishoudings. Besighede moet in hulle eie rugsteunkragbronne belê, wat daartoe lei dat die verbruiker uiteindelik die koste dra.

Jare van staatskaping het die kragtoevoer in sy huidige vorm onstabiel en onvolhoubaar gemaak. Terwyl politici verdeeld bly oor waar bykomende energie vandaan moet kom, met een groepering wat gas ondersteun en 'n ander sonkrag, word klein ondernemings die ergste geraak deur die gevolge van beurtkrag, wat daartoe lei dat hulle óf hulle besighede sluit óf personeel verminder. Onstabiele elektrisiteitstoevoer en die gepaardgaande politieke besluiteloosheid het daartoe gelei dat buitelandse beleggers ander stabiele omgewings soek om in te belê.

’n Onlangse peiling deur die multinasionale marknavorsings- en konsultasiefirma IPSOS voorspel dat Suid-Afrika se politieke landskap ná die 2024-verkiesing anders sal lyk. Koalisie op nasionale regeringsvlak in die komende verkiesing kan Suid-Afrika op die agtervoet plaas ten opsigte van die vordering wat gemaak is, gegewe die feit dat koalisievennote eers onderling oor beleidsake sal moet onderhandel voordat belangrike nasionale besluite geneem word. Koalisiepolitiek, gegrond op die plaaslike regeringservaring, kan Suid-Afrika in 'n dieper politieke verknorsing plaas.




Ja, Suid-Afrikaners kan trots wees op die mylpaal dat die land 30 jaar van demokrasie en vryheid bereik het. Maar kwessies soos korrupsie verwater egter die vordering wat gemaak is. As die huidige regering ernstig daaroor is om buitelandse beleggings te lok, moet hulle verseker dat diegene wat weggevreet het aan die land se winste, soos waarvan daar in die staatskapingverslag getuig is, aan die pen ry.

Verder moet die regering van die dag die politieke wil hê om stabiele instellings te bou wat demokrasie ondersteun en goeie oorsigbestuur in alle sektore van die samelewing bevorder sodat die vryhede waarvoor daar so hard geveg is, gevier kan word. Tot dan leef ons nog in hoop!

***Prof Vain Jarbandhan is die Direkteur van die Sentrum vir Openbare Bestuur en Oorsigbestuur aan die Universiteit van Johannesburg. Prof Pregala Pillay is 'n professor in die Skool vir Publieke Leierskap by die Universiteit Stellenbosch (US). Luckmore Chivandire is 'n navorsings- en administratiewe assistent by die Teenkorrupsiesentrum vir Onderrig en Navorsing aan die US. Hulle skryf in hulle persoonlike hoedanigheid.***